

GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID



PO10SIAAL

‘n Saak groter as jouself...

Inleiding

Hierdie kwartaal is ons besig met 'n reeks wat ons 'po10siaal' noem. Die doel van die reeks is om oor die potensiaal van elkeen van ons se lewe te praat asook die potensiaal van ons gemeente. God gee vir ons potensiaal en dikwels gee ons hierdie potensiaal weg. Ons nooi jou uit om hierdie kwartaal saam met ons op reis te gaan sodat ons die volle potensiaal van God in ons lewe kan ontdek. **Wat het die reeks tot dusver vir jou beteken?**

Gesprek losmaker

Dink jy dat ons as mense nog genoeg pret in ons lewe het? Geniet ons regtig nog die lewe? Wat keer ons vandag om die lewe eenvoudig net te geniet?

Oor Sondag se preek

Om Ons volle potensiaal uit te leef moet ons na elke aspek van ons lewe kyk. Om binne ons potensiaal te leef gaan dit nie alleenlik oor ons uitsette nie maar ook oor ons insette. In 2 Petrus 1:3 lees ons hoe Petrus twee aspekte van die lewe beklemtoon: “**Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdad ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag**”. Wat hoor jy alles uit hierdie teks?

God gee vir ons alles wat ons nodig het om te kan 1) lewe en 2) Om Hom te kan dien. Die lewe is vir ons as 'n geskenk gegee, nie alleen net om te werk nie maar ook om te geniet. Dink jy dit kan waar wees as ons meer vreugde in die lewe het ons ook daardeur vir God ons skepper verheerlik?

Skriflesing

Ons gaan nou na altwee hierdie aspekte van ons lewe kyk:

1) Om te kan lewe

Uit die Bybel kry ons regtig nogal baie verwysings na 'geniet die lewe' wat God vir jou gee. Kyk na die volgende gedeeltes en bespreek met mekaar hoe die volgende aspekte van die lewe in die gedeeltes voorkom.

- Geniet die Lewe - jy kan nie net werk nie
- Geniet die Lewe met dankbaarheid
- Geniet die Lewe met respek
- Geniet die Lewe steeds in Gehoorsaamheid teenoor God

Skrifgedeeltes: om te lees is Prediker 8:15-16; 1 Konings 4:20; Deuteronomium 8:6-11 en 1 Korintiërs 10:31-33

2) Om Hom te dien

Uit die Bybel leer ons so baie van wie God is, wat Hy van ons verwag asook hoe ons hom kan dien. Hierby voeg Petrus ook die feit dat Hy ons sy goddelik krag gee om dit te kan doen. Die vraag wat dan oorbly is waar begin ons en hoe doen ons dit? Jesus het deur sy lewe vir ons so baie kom leer hoe ons in praktyk kan leef maar dit alles het begin by 'n spesifieke ingesteldheid van Hom. As ons na die begin van al die gebeure rondom Jesus kyk is daar iets wat ons van Hom leer wat ons dalk baie gaan help.

Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop sien Hy...

Hy het in Galilea rondgegaan en die mense begin leer...

Toe Hy teen die berg opgaan het Hy ...

Toe Hy van die berg af gekom het het 'n melaatse man...

Nadat Jesus in Kapernaum aangekom het, het 'n offesier...

Toe Jesus in die huis van Petrus kom sien hy...

Toe Jesus in die skuit klim het...

Toe Jesus daarvandaan verder gaan het hy Matteus by die tolhuis sien sit.

Wat sien ons hier raak?



SONDAG 20 Oktober 2019

TEMA Vat hom soos 'n Vrydag!

GROEIGROEP MATERIAAL

Slot

Jesus het altyd ruimte gehad vir iemand om Hom. Het ek en jy nog ruimte vir ander? Terwyl ons die lewe kan geniet, hard werk en streef om vir ons families te sorg word ek en jy ook geroep om ruimte te maak vir ander. Binne in hierdie ruimtes ontdek ons 'n ander deel van ons potensiaal. Ons ontdek hoe ons toegerus word met goddelike krag om diensbaar in Sy koninkryk te wees.

Lees die volgende teks en deel met mekaar wat dit beteken vir ons as gelowiges

Matteus 13:52

In ons lewe kan ons nie net besig wees met ou goed nie maar ons moet ook ruimte skep vir nuwe dinge...

Gebed

Here leer my om die lewe te geniet en om U te dien...